Afrikaans Eerste Taal HG V3 **NOVEMBER 2007**

AFDELING A

Watter skryfwerk staan uit?

1. As die leser agterkom die skrywerk is opreg en eerlik – d.w.s nie vaag en hoogdrawend nie.
2. ‘n Goeie skrywer noem detail, fyn besonderhede. Vae, algemene skryfwerk lei dikwels tot herhalings.
3. Daar MOET ‘n (kort) inleidingsparagraaf wees EN ‘n slot – anders kan die skryfstuk nie ‘n kode 7 of 80% behaal nie.
4. Die REGISTER moet ook gepas wees, bv. In die koerantberig, die ooggetuieverslag of ‘n vriendskaplike brief.
5. Dit was duidelik watter kandidate belese is: hulle skryfstukke is interssanter; hulle maak min foute wat idiomatiese uitdrukkings betref en hulle het ook nie gesukkel om die regte register te gebruik nie.

Kandidate moet ook op die volgende let:

1. Die instruksies moet ten alle tye deeglik gelees en uitgevoer word.
2. Korrekte paragrafering is ‘n vereiste.
3. Waak teen die gebruik van banale taal.
4. Gebruik die korrekte formaat by verskillende skrystukke.
5. Nommer alle vrae korrek en begin altyd ‘n nuwe vraag op ‘nuwe bladsy.

Woorde dikwels verkeerd gespel:

Dus i.p.v dis
Gewoonlik
Onmiddellik
Interessant
Veral
Irriterend
S’n
Restaurant
Waardeer
Leuens
Lei en ly
Kursus
Matrikulant
Want
sommer